

22 September

Skrifgedeelte: Genesis 47:1-31

Fokusgedeelte: Genesis 47:9

### 'n Kind van die Here is 'n vreemdeling op aarde

'n Kind is gewoonlik baie trots daarop om te kan sê hoe oud hy is. Op die vraag: Hoe oud is jy? sal hy gewoonlik selfvoldaan 'n paar vingertjies in die lug druk en sê: So oud! So asof hy 'n groot prestasie behaal het om so oud te word! Hoe verder 'n mens egter in die geloof groei, hoe meer verander jou gesindheid teenoor jou ouderdom.

Op die vraag van die farao aan Jakob oor hoe oud hy is, antwoord Hy: “Ek is nou al 130 jaar 'n vreemdeling op aarde.” Aan die woord is Jakob die bedrieër, die planmaker, die seënsteler en die gewelddoener van ouds. Nou praat hy egter 'n ander taal, want sy geloof het oor die jare gegroei en hy besef dat die gelowige kind van die Here 'n vreemdeling en 'n bywoner hier op aarde is.

Het u geloof ook al so ver gegroei?

*Sing: Psalm 90:4, 5*

*Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)*